Sondagskool 1

Lestitel: Johannes die Doper

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig

Liewe Ouer

Welkom by die les: **“Johannes die Doper”**

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) **Nota**: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdiens, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir ‘n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.

Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. **Voorbeeld**: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.

Die Les

Lestitel	Johannes die Doper
Bybelwoord	Lukas 3: 1-18

Lesdoelwit	Die kinders leer hoe God die weg vir sy Seun op hierdie aarde voorberei het en sodoende sy belofte vervul het.

Lesopsomming:

● Na 'n tydperk van voorbereiding in die woestyn, keer Johannes terug om onder die mense te wees, sodat hy hulle kan voorberei op die koms van Jesus, die Verlosser.

● Hy het in eenvoudige woorde duidelik gepreek en siele in die Jordaanrivier gedoop.

● Die belofte van die Here deur die profeet Jesaja is vervul: “Berei die weg vir die Here voor”. Jesaja 30: 3-5

● In Johannes se prediking het hy ‘n beroep op mense gedoen om hul lewens te verander: “Verbeter julle lewens! God wil sy koninkryk oprig. Die Verlosser kom binnekort! Ons moet voorbereid wees! God wil net mense hê wat hul sondes bely!”

● Johannes se prediking het so 'n diep indruk by baie mense gemaak dat hulle geglo het dat hy die beloofde Messias is.

● Johannes het hulle daarop gewys: “Ek kan net met water doop. Hy wat na my kom, is magtiger as ek. Hy sal doop met die Heilige Gees en met vuur.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

● Johannes het vrede in die woestyn gevind en gedurende hierdie tyd het hy die woord van God, wat aan hom gegee is, gehoor. Ons moet ook 'n rustige plek vind en tyd saam met God deurbring in gebed, sodat ons kan verstaan wat God vir ons wil sê.

● Die Here kom altyd sy beloftes na. Hy het Johannes gestuur om die volk voor te berei op die koms van sy Seun, Jesus, die Verlosser.

● Johannes het ‘n beroep op die mense gedoen om hul lewens te verander en hulle met water gedoop as hulle hul sondes bely het.

● Die belofte van die wederkoms van Jesus Christus sal ook vervul word. God kom altyd sy beloftes na.

● Ons word tydens godsdienste vir hierdie dag voorberei, sodat ons waardig gevind kan word om deur Jesus geneem te word en ewige gemeenskap met Hom in God se koninkryk te hê.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Wat is die naam van die persoon wat die weg vir die Verlosser voorberei het?

Antwoord: Johannes

2. Waaroor het Johannes gepreek?

Antwoord: Dat mense hul lewens moes verander en hul sondes moes bely.

3. Wat het gebeur as die mense oor hul sondes berou gehad het?

Antwoord: Johannes het hulle in die Jordaanrivier gedoop.

4. Wie het die mense gedink is Johannes?

Antwoord: Hulle het gedink dat hy die Verlosser is.

5. Wat het Johannes vir hulle gesê toe hy dit hoor?

Antwoord: Ek doop met water. Die Verlosser sal met die Heilige Gees doop.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen